

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

EEN DOOD, DRIE GEVANG EN EEN WEG IN DAM

'n Bende rowers wat Woensdag amok gemaak het na 'n rooftog in Bethlehem en uiteindelik buite Petrus Steyn gestuit is, word vermoedelik ook verbind met 'n plaasaanval die vorige week in die Mooirivier omgewing in KwaZulu Natal. Danksy uitstekende samewerking tussen die polisie en die gemeenskap is drie vermeende rowers in hegtenis geneem, een is doodgeskiet en 'n vyfde is laas gesien toe hy 'n grondam ingevlug het. Johann Steyn, voorsitter van AfriForum se buurtwag in Bethlehem, sê die polisie het veiligheids-groepe Woensdag om 09:45 gevra om op die uitkyk te wees vir die voertuie wat in die rooftog gebruik is. Steyn sê 'n geldwa het R1.3 miljoen by die Nedbank-tak in Bethlehem gaan oplaai toe die bende die veiligheidswagte buite die bank oorval en beroof het. Die swaargewapende rowers het in twee voertuie gevlug. 'n Blou voertuig, waarvan die maak onbekend is, is kort daarna verlate gevind, en inligting is ontvang dat vyf mans in 'n Toyota Hilux-bakkie in die rigting van Lindley gevlug het. Die bakkie is ook vermoedelik gebruik in die plaasaanval onlangs buite Mooirivier.

Die rowers het by Lindley deur 'n padblokkade gejaag en in 'n oor-en-weer-skietersy tussen die polisie en die rowers, is 'n polisielid in die been gewond. Die voertuig het met die R707 in Petrus Steyn se rigting weggejaag. Die boodskap van die rowers se vlugtog is wyd op al die netwerke versprei. Boere het buite Petrus Steyn trekkers en ander plaaswerktuie gebruik om die pad af te sper.

Die bende het hulle in die padversperring vasgeloop en op die polisie, boere, veiligheidswagte en ander lede van die gemeenskap losgebrand voordat hulle weggehardloop het.

Die rowers het in die rigting van die Nketoana-township gevlug en hulle daar vasgeloop in die gemeenskap wat die polisie gehelp het met inligting. Volgens hulle is drie rowers aangekeer en een noodlottig gewond. 'n Vyfde rower het 'n grondam ingevlug en dit is nie seker of hy kon ontsnap of dood is nie. Mans van die township het Woensdagmiddag met 'n roeiboot op die dam na hom gesoek. Die gemeenskap is vol lof vir die SAPD se optrede.

Die drie mans wat in hegtenis geneem is, kom glo van Soweto af. Die polisie het op 'n AK47, 'n 9mm Norinco-pistool en 'n semi-otomatiese aanvalsgeweer beslag gelê. Die geld wat geroof is, is ook teruggevind.



Don't Fail to Plan

R25.00 each
WHILE STOCKS LAST

Office National

2022
January

Herald

Office National

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

POSTNET

heilbron@postnet.co.za
064 988 6078 058 853 0006

OVER 400
STORES IN SA

0-5kg

R99



LAASTE SONBRIL WENNER

Cobus van Wyk Oogkundiges het sedert hulle skuif na Wentworth Square ’n geluktrekkingsprojek geloots waar besoekende pasiënte gedurende die maand ’n sonbril kon wen. Al vier die trekkings het plaasgevind en die laaste wenner van ’n Polaroid sonbril gaan aan Gert Claasen. Besoek gerus Cobus van Wyk Oogkundiges gedurende spreekkamer ure. Elkeen se ondersteuning word opreg waardeer.



Op die foto: Paulina Masedi, Gert Claasen en Oogkundige Mariëtte Smit.

MATRIC FINALS 2021

P1: Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda P1: isiZulu, isiXhosa, SiSwati, isiNdebele, SA Sign Language P1: Geography 11	P1: Physics P1: Technical Sciences P1: History 12	P2: Physics P2: Technical Sciences P2: Engineering Graphics & Design 15	P2: English Civil Technology 16	P1: Accounting P2: Geography 17
P2: Economics Visual Arts 18	P1: Life Sciences Design 19	P2: Life Sciences Electrical Technology 22	P2: Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda P1: isiZulu, isiXhosa, SiSwati, isiNdebele, SA Sign Language P2: History P2: Marine Sciences 23	P1: Accounting Mechanical Technology 24
P2: Afrikaans P2: Religion Studies 25	P1: Agricultural Sciences P1: Nautical Science Sport & Exercise Science P2: CAT Theory 26	P3: English Tourism 29	P3: Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda P1: isiZulu, isiXhosa, SiSwati, isiNdebele, SA Sign Language P2: Information Technology 30	P3: Afrikaans Consumer Studies Hospitality Studies 1
P2: Agricultural Sciences P2: Nautical Sciences P1: Music 2	Dramatic Arts Agricultural Management Practices 3	Dance Studies Agricultural Technology P2: Music 6	IT and CAT rewrite 7	

ROLSTOELE MAAK HARTE BLY

Groot opgewondenheid het Saterdag by Huis Annatjie du Preez geheers nadat h̄ waentjie vol rolstoele deur barmhartige samaritaan vir behoeftige Heilbronners gebring is.

Cao Zhong Zhi Foundation en Amitofo Care Centre van Taiwan wou h̄ verskil maak in Afrika onder behoeftiges. Pin-Fei Huang en sy vrou Nelanda Huang is genader om die projek te fasiliteer. Beide is oud-Heilbronners en wou Pin-Fei spesifiek in Heilbron h̄ verskil maak, weens die inwoners hier hulle harte destyds oopgemaak het nadat die gesin hierheen geimmigreer het.

Van die 25 rolstoele wat na Heilbron toe gestuur is, is agt deur Heilbron Klinik versprei, ses het gegaan na Huis Bron van Heil en die oorblywende 11 het die VVA aan behoeftiges in die omgewing geskenk. Pin-Fei vertel dat hulle nog vyf rolstoele ook in Koppies uitgedeel het.

Pin-Fei is een van drie kinders, hy en sy twee sussies, Pin-Juei en Ling-yi is die kinders van Mnr Ewie Huang en Mev Jenny Huang wat jare gelede die Nissan onderneming op Heilbron gehad het. Nelanda Huang is die dogter van Pieter en Magda Brönn, ook voorheen van Heilbron.

Groot waardering word getoon vir die goeie gebaar en ook elke vrywilliger wat die dag bygewoon het. Dankie ook aan Pakworks vir die skenking van die verversings en Ellen Marais wat die wiel aan die rol gesit het en die projek moontlik gemaak het.

“Soveel harte is blygemaak en ander sit nou gemaklik en sê dankie vir ‘n nuwe modelletjie!” vertel Ina Slabbert. Wilna Pienaar het die mense vermaak met musiek op haar trekklavier. ’n Oggend propvol vrolikheid het verbygevlieg en dankbare mense kon met nuwe rolstoele huis toe keer.



GROOT BESPARINGS UIT NUWE PLAN?

Ngwathe se nuwe DA-raadslede het Maandag met stappe begin wat onder meer die aantal voltydse raadslede met sewe sou verminder om koste te bespaar (Heilbron Herald, 29 Oktober 2021). Maar eergister het die munisipale bestuur aanbeveel dat al sewe behou word, en selfs dat twee addisionele voltydse raadslede aangestel word. Een hiervan sou die ANC-sweep wees. “Dis verregaande,” sê ’n DA-raadslid aan Heilbron Herald, “want dit alleen sou omtrent driekwart miljoen rand per jaar ekstra kos.” Dis egter nie seker of die nuwe ANC-koukus die voorstel sal steun nie. Intussen ontvang nuwe DA-raadslede wye steun vir hul plan om Ngwathe se munisipale stelsel te wysig. Hulle sê ’n verandering sal miljoene rande bespaar. Dit werk só: Ngwathe het sedert 2017 ’n Uitvoerende Burgemeester wat aan die hoof staan van ’n sogenaamde Burgemeesterskomitee. Al agt komiteelede daarin dien voltyds. Voor 2017 was daar egter ’n uitvoerende komitee, almal deelyds, onder ’n nie-uitvoerende burgemeester. “Die vorige stelsel met sy deelydse lede was baie goedkoper, en die komitee was ’n veelparty-komitee,” sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. Net na die vorige verkiesing het die ANC-meerderheid die ou stelsel uitgestem, ten spyte van sterk protes deur die DA. Ngwathe het daarna goedkeuring van die Provinsie (destyds onder Premier Ace Magashule)

aangevra en verkry vir die huidige, en baie duurder, stelsel. Die duur nuwe stelsel is gedurende 2017 ingevoer. Sedertdien dien raadslede voltyds op die burgemeesterskomitee, en opposisiepartye is ook nie meer daarop verteenwoordig nie. Die burgemeester, *speaker*, en senior amptenare verdien almal ook heelwat meer. “Dis ’n duur stelsel wat miljoene rande kos, sonder enige voordeel vir dienslewering,” sê Schoonwinkel. Die DA wou dit laat omkeer, maar regsopinie aan hulle was om te wag tot ’n nuwe raad verkies word. “Nou is die tyd,” sê Schoonwinkel. “Die huidige stelsel is duur – en sluit opposisielede totaal uit van die belangrike besluite wat op uitvoerende vlak geneem word,” sê Saal de Jager, ’n sakeman van Parys en nuwe DA-raadslid. Die voorgestelde verandering mag Ngwathe soveel as R5 miljoen per jaar bespaar. DA-koukusvoorsitter Carina Serfontein, verwag die stryd hieroor “sal moeilik wees” maar wel in belang van alle inwoners. “ANC-lede van die Burgemeesterskomitee mag dalk veg vir hul hoë salarisse, en sou dan steun kry van Ngwathe se werknemers, en waarskynlik ook hul vak-unies,” sê sy. DA-raadslede toets intussen die houding van individuele ANC-raadslede. Dit was gister nog onseker wanneer die nuutverkose raad die eerste keer sal vergader.





Wentworth Square Shop 4

BUSINESS HOURS
MONDAYS - FRIDAYS
08:00 - 16:30

058 853 1156
067 333 2551



KOM VIER DIE OOPENING

KOSMOS KOFFIE WINKEL

20 November 2021
9:00-11:00

KOOP 'N KOFFIE
EN
KRY 'N GRATIS MUFFIN

HEER BY HANSHUIS WINKEL
34 Pienaar St, Heilbron, 9650

PAUL & SON 017 5413

***KOPIE TERTJE QUICHES
TANST BLOEDTJES
KOFFIE TEE
HOT CHOCOLATE
CAPPUCCINO
KOLLEBRANKE***



Pastoor Derick de Lange

Tree op met woord en sang te
AGS Kerk, Heilbron

Sondag, 21 Nov 2021
om 10 uur die oggend

PASTOOR EN BEKENDE GOSPEL SANGER

CD'S van sy sang en getuienls sal ook beskikbaar wees @ R50 elk

AGS Kerk Heilbron

Toegang is GRATIS!
Oud en jonk, arm en ryk, kom gesond, die oggend saam met ons.
Kom sing, en sê dat jy is hier.
Oud en jonk, arm en ryk, kom gesond, die oggend saam met ons.

Volg my om te sê dat jy is hier of whatsapp vir meer besonderhede.
Piet van Wyk: 072 3233178

NUWE RAAD, NUWE HEMDE

Die nuutverkose BK van Hoërskool Heilbron gaan met nuwe hemde vir 'n opleidingsaweek om hulle voor te berei vir volgende jaar se take as leiers van die skool. Wynand Nortjé (agter links), van DeKalb wat die hemde geborg het, verskyn saam met die groep leiers van Hoërskool Heilbron en hulle onderwysers, Johnny van der Merwe en Salomie Viljoen. Op die foto is voor vlnr: Chanelle Els (Hoofdogter) Kaitlyn Potgieter, Rikus Bronkhorts, Johannes du Toit, Danie Borman (Hoofseun) en Marnus Claasen. Middel vlnr: Aljané Zitske, Noeline Gavin, Aldi Strydom en Hanru Steyn.



**water
PIPES**
HDPE & LDPE

FIND US
**14 RINGER STREET
HEILBRON
9650**

OR CONTACT US
071 365 7722
058 852 2680

**MANUFACTURER
& DISTRIBUTOR**

CH Water Pipes



REITZ-WES
Skriba / Kassiere

NG Reitz Wes wag aansoeke in vir 'n Skriba / Kassiere pos

Geskikte aansoeker moet oor die volgende vaardighede en ondervinding beskik:

- Rekenaar vaardigheid
- Administratiewe vaardigheid
- Finansiële en Boekhouding vaardigheid tot op proefbalans

Excel, Word, PowerPoint en Pastel is 'n vereiste

Persoonlike vaardighede:
Aansoeker moet beskik oor goeie interpersoonlike vaardighede en goeie menslike verhoudings.

Indiensnemings datum: 1 Januarie 2022
Salaris en werksure sal tydens onderhoud bespreek word.

Epos CV aan: npreitzwes@reitzwes.co.za of
Handig in by kerkkantoor Maandag tot Vrydag 8:00-13:00
Tel: 058 863 1009
Adres: Davel Straat 19 Reitz
Navrae: Gideon Benadie 083 458 4788

Aansoeke sluit op 3 Desember 2021
Aansoeker moet asb gedurende Desember beskikbaar wees vir onderhoud



**OES
VERSEKERING**

Bestem jou oeste teen natuurlike kante 2000, 4000, 6000, 8000 en 10000 met First Step Oesverzekering.

First Step is gesertifiseer by alle groot oesverzekersers en bied 'n verskeidenheid dekkinge en betalingsoplossings wat strek van heeldekking tot inkomste beskerming teen oorbrenge en goed verliese.

Verseker vandag nog jou oeste, voor jou grootste vrees 'n werklikheid word.

Klaar om te begin? Kontak ons op 079 882 5209
www.firststepinsurance.co.za

Frankfort
070 823 1642
838 JJ Medeba Street
Frankfort, 9600

Nelspruit
013 897 3504
40 A Marthin Street
Nelspruit, 1200

WEEK VYF-EN-VEERTIG VAN 2021



UIT DIE PEN

Kon ons noem hom Willem: die faktotum waarna ek ’n haar weke gelede verwys het. Hy was mos met Herefordbulletjie getroud.

Willem was lank ’n oujongkêrel met eienaardige gewoontes. Hy was ook die sleutelfiguur van die skool. Letterlik. Hy het daaglik met ’n hengse bos sleutels rondgeloopt. Elke lieue deur op die skoolgronde se sleutel was aan daardie bos. So ook die enkele loper wat al die deure kon oopsluit. Die los slotte se sleutels was aan daardie bos, sy alarmkontrole, die skool se posbussleutel en ’n eienaardige wollerige sleutelhouer.

Willem het op die skoolterrein gebly: ruim tweeslaapkamerwoonstel met ’n kombuis, badkamer en ’n heerlike groot sitkamer. Aangesien Willem alleen gewoon het, het hy sy eie huismaats kon kies.

Teen die een muur van die sitkamer was ’n groot duiwehok. Die klein donsveertjies het die hele sitkamer vol gewarrel. Daar

was ’n opgestopte Wolmerino in die sitkamerhoek. In die bad het ’n paar Koi visse rondgeswem.

Willem het ook ’n swetterjoel klein hondjies gehad wat altyd aan jou kom snuffel het wanneer jy by die woonstel verbygestap het.

Gelukkig ontmoet Willem toe vir Herefordbulletjie. Kort brunet sonder ’n nek. Dis albei se eerste verhouding, gevorderd in jare en dolverlief. Hulle besluit om te trou. Herefordbulletjie wil in Desember trou.

Die voorsitter van die beheerliggaam sien al in sy geestesoog hoe die skool se kluis gedurende die Desembervakansie oopgebreek word, die skoolbus gesteel en al die rekenaars weggedra word. Hy laat roep vir Willem: Daar het nog nooit, sover sy kennis strek, enige faktotum in Desember getrou nie. Hulle doen dit net nie. Dis ’n ongeskrewe reël, en hierdie skool moet ook streng daarby hou. Faktotums trou net in November. Want dan kan die onderwysers help met die organisasie van die troue. En dis dit. Einde van storie. Klaar gepraat.

Willem en Herefordbulletjie beplan hulle troudag vir November.

Die onderwysers help met elke klein detail van die troudag. Dieselfde voorsitter van die beheerliggaam skryf vir Willem ’n paar hoofpunte neer wat hy kan gebruik vir sy toespraak. Hy verduidelik vir Willem waaroor elke punt handel en hoe hy dit moet aanbied.

Lelanie bestuur Willem se motor: sy moet sorg dat die man betyds is en netjies lyk vir die groot dag. Willem spring in toe Lelanie hom oplaai. By die hek onthou Willem dat hy nie sy toesprake saambring het nie. Hy spring uit die kar, wil deur die modder ploeg.

“Willem!!! Jou blêrrie trouklere!” En Willem spring soos ’n wafferse bok oor elke plas water.

Met die onthaal haal Willem plegtig sy

lysie hoofpunte uit, lees elke punt af en vou weer sy nota op. Toespraak afgehandel.

Willem en Herefordbulletjie gaan hou wittebrood by die dam daar naby. Sy bakkie het soos ’n kersboom gelyk: vol helder, gekleurde liggies. Hulle laai die honde op, met ’n rol ogiesdraad en ysterpale: daar moet ’n kampie vir die diere gespan word. Dis ook nie net die kamp opslaan en rondlê vir die res van die week nie. Want die visse byt nie elke keer by dieselfde plek nie.

Elke twee dae word die kamp opgepak en so 500m versit. Weer uitpak en kamp. Tot weer dae later. Herefordbulletjie was in haar element.

Een mooi oggend wip Meneer die Skoolhoof hom en gee vir Willem en Herefordbulletjie die trekpas van die skoolterrein af. Al hierdie diere het net heeltemal te veel geword en ook ’n gesondheidsgevaar ingehou. Herefordbulletjie het ’n longkwaal ontwikkel van die vere en duiwemis. Willem het ’n huis oorkant die skoolgronde bekom. Sak en pak soontoe getrek. Meneer kondig aan dat die skoolwoonstel nou leeg en skoon is, en dat dit nou verhuur sal word as ekstra inkomste vir die skool.

No ways, sê Willem, dis mos sy woonstel daardie! Hy gaan laai al sy diere op sy ma se plaas af en hulle trek terug woonstel toe.

Die manspersoneel het beurt gemaak om vir Willem uit te vra na hulle huwelikslewe. Totdat Willem een oggend aankondig dat Herefordbulletjie prêggies (sy woorde) is. Die woord versprei vinnig onder die personeel, en almal dra hulle tweedehandse babaklere, doeke en toerusting aan.

’n Paar weke daarna kom Willem met ’n hanggesig by die manspersoneel. Hy en Herefordbulletjie was by die dokter. Hulle kan nie verstaan nie: Hulle stoei so lekker, maar Herefordbulletjie “wil nie vat nie”.

Aangesien Willem en Herefordbulletjie nou ernstig aan hulle gesinnetjie begin werk,

trek Willem toe uit eie keuse na die huis oorkant die skool. Buitekant het hy ’n hele versameling tuindwergies gehad: verskillende kleure en groottes. Daar was ook sement bokkies, ’n liewenheersbesie, skilpad en hasie. Alles beeldjies in die tuin.

Een Saterdag, toe Willem en Herefordbulletjie weer gaan visvang, klim ek en Marius oor die hek en herorganiseer sy hele tuin. Die dwergies staan in ’n ry op pad na die huis en die diertjies staan in gelid op pad na die hek. Die tuinbankie staan tussen die dwergies vir ingeval hulle moeg word en moet rus en die voëltjies se waterbak tussen die diere vir wanneer hulle dors word.

Maandag by die skool is Willem briesend kwaad: Daar was blykbaar ’n man met ’n Wit Golf GTi wat sy bloed soek, en hy was die naweek in die dorp. En weet ons wat hierdie man gedoen het? Nee, vertel ons! Hy het al sy tuinornamente deurmekaar gemaak. Hy wat Willem is dink dat dit ’n bedekte waarskuwing is.

Die ganse personeel, behalwe Willem natuurlik, het geweet dat dit ek en Marius was.

Herefordbulletjie se kollega het haar elke oggend om 08:00 opgelaa. Willem het soggens om 06:00 al die skool begin oopsluit. Onthou: daar was baie sleutels. Herefordbulletjie verloor op ’n dag haar huissleutels. Willem besluit dat sy nooit weer ’n stel sleutels mag hê nie.

Willem sorg dus dat sy teen 06:00 gereed is vir die dag, jaag haar tot op die sypaadjie waar sy dan tot 08:00 op die sypaadjie moet sit.

Willem en Herefordbulletjie is later weg by die skool. Hy het naby ’n dam gaan bly sodat hy elke dag kon visvang.

Wat van Herefordbulletjie geword het, weet ek glad nie.

BRIEWE VAN ONS LESERS



Die volgende skrywe is ontvang van A Grobler van Heilbron gerig aan die Redakteur:

Braavo vir so 'n ruiterlike erkenning. Ek verwys na die uitgawe van 29 Oktober 2021.

Raadslede is sedert 2017 voltyds aangestel. Slegs ANC lede dien op die Burgemeesterskomitee. Opposisie partye is nie daarop verteenwoordig nie. Die Burgermeester, speaker en senior amptenare verdien heelwat meer as die opposisie amptenare. Die persoon wat die leiers in die hande het, vat die perd waarnatoe hy hom wil vat.

Weg met geldmors. Stop hierdie ou Engelse beginsel van verkiesing hou in die naam van Demokrasie, want dit is die grootste klug wat gebruik word om die *previous disadvantaged* te bevoordeel.

Welkom terug in Dingaanskraal waar die Ringkoppe sit en bier drink en beplan hoe om die boere se weiding en beeste aan die *landless majority* te oorhandig.

Die ANC beleid en die woordeboek is die enigste plekke op aarde waar sukses voor werk geskryf word.

HEILBRON COVID-19

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distriksgesondheidsdienste dateer tot op 10 November 2021 en dui aan Ngwathe het 5 503 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1 335 staan en is daar 2 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 4 November 2021.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08:00-16:00. Die digitale inentingsertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na <https://vaccine.certificate.health.gov.za/> om vandag joune af te laai.

JAARPROGRAM : 2022

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
5 FEBRUARIE	PRETSKIET	09:00
12 FEBRUARIE	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
19 FEBRUARIE	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
5 MAART	SKIETOEFENING	09:00
12 MAART	.22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
09 APRIL	RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET	09:00
23 APRIL	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	
7 MEI	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
21 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
4 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
09 JULIE	LANGAFSTANDSKIET	09:00
13 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET	10:00
20 AUGUSTUS	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
03 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
08 OKTOBER	GROEPERING SKIET / TROFEE MEET	09:00
15 OKTOBER	ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN	
04 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD	

KENNISGEWINGS

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS
In the ESTATE OF THE LATE DIKATSE REGINAH MOLOMO, IDENTITY NUMBER: 821224 0788 086, in life unmarried, residing at 2420 Phiritona, Heilbron, 9650, district Heilbron, Free State, who died on 20/08/2020,
ESTATE NUMBER: 7088/2020.
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (thirty) days from the date of publication.
Signet at Heilbron on 4 November 2021.
(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

BETREKKING



Kleuterkasteel

Pre-primêre Skool

BESKIK TANS OOR 'N POS

Kandidate wat wil aansoek doen moet aan die volgende vereistes voldoen: Passie vir kinders hê, kreatief kan wees, goeie menseverhoudinge hê en onder druk kan funksioneer.

AANSOEKE SLUIT 3 DES 2021
Stuur CV na
alet.swart6@gmail.com
of handig in by skool

SUDUKU

3			8	1			2
2		1		3		6	4
			2	4			
8		9			1		6
	6					5	
7		2			4		9
			5	9			
9		4		8		7	5
6			1	7			3

5	3			7			
6			1	9	5		
	9	8					6
8				6			3
4			8		3		1
7				2			6
	6					2	8
			4	1	9		5


SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30

Saterdag:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006





WHAT IS POPI ACT?

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za



MAANDAE - DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

JAARBEPLANNER
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid -
(Gholfdag & Kersmark)

Hiermee wil die Gesondheidskomitee van Heilbron Kliniek die vrymoedigheid neem om te vra vir bydraes vir die Sagte Speelgoed Projek op 17 November 2021. Speelgoed kan tot en met 10 November 2021 by Heilbron Kliniek afgegee word. Baie dankie vir enige bydrae.



LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

DIENSTE SMALLS



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

R

TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-
KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

TE KOOP

Husqvarna 700 Series Selfloop grassnyer @ R6 000 (Slegs een seisoen gewerk) in nuwe toestand. Skakel 072 981 0563 te sien by Huis Bron-van-Heil K0307

BLOEDSKENK DATUMS



23 November



Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 16de Desember 2021 en heropen DV 10 Januarie 2022.

Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teurstelling te voorkom.

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn



MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

HEENGEGAAN: TANNIE NENIE (HELEEN HOWELL)

Ons lieue Tannie Nenie het ons op Vrydagoggend 5 November 2021 op die ouderdom van 91 jaar vooruitgegaan na haar hemelse tuiste.

Sy was die langselewende van drie sussies wat uit die huwelik van Mike en Hester Howell van Petrus Steyn gebore is. Sy het die grootste gedeelte van haar lewe in Petrus Steyn gewoon en haar moeder Hester Howell versorg. Sy het altyd 'n sagte plekkie vir kinders gehad en was daarom vir baie jare betrokke by die Kinderkrans en Sondagskool. Sy was ook baie lief vir honde en het graag die Petrus Steyners se troeteldiere versorg wanneer hulle met vakansie gegaan het.

Na haar moeder se afsterwe het sy by haar suster Hester Mouton in Heilbron kom woon. Hulle twee het later Huis Bron-van-Heil hul tuiste gemaak. Sy was bemind en het graag gegee en ander gehelp en versorg, selfs toe sy self al hulp nodig gehad het. Almal in Heilbron het die tannie met die rooi Volla geken. Sy het nog tot onlangs beriggies geskryf wat in die Heilbron Herald geplaas is.

Haar familie en vriende gaan haar mis, maar as kinders van die Here vind ons troos daarin dat ons haar weer sal sien as Jesus ons kom haal.



BRONNIES PRESTEER TYDENS TENNISPROEWE



Op Saterdag, 6 November 2021, het Bronnies deelgeneem aan die Vaalrivier 0/12 tennisproewe en goed presteer. Hoërskool Heilbron leerders, Gerrit du Plooy behaal 'n eerste plek en Jannie Els 'n vierde plek in die Vaalrivierspan.

Het u munisipaliteit probleme of soek u raad? Skakel u DA-raadslid en kry dinge gedoen

ROBERT FERENDALE
Heilbron / Edenville
ferendale880215@gmail.com
079 513 1013

SMALL SEHUME
Tumahole / Schonkenville
alfredsehume@gmail.com
074 751 2692

SAAL DE JAGER
Infrastruktuur
saal@daparys.co.za
082 321 0091

MARIE LA COCK
Wyk 12
marielacock@daparys.co.za
082 779 2025

POLOKO MOLAPHENE
Kwakwatsi
pmolaphene@gmail.com
079 126 9942

ARNOLD SCHOONWINKEL
Munisipale Finansies
arnoldfin@telkomsa.net
084 549 3384

CARINA SERFONTEIN
Koppies
carserf@compuking.co.za
083 635 2851

BALLE ROL IN FINAAL



Almal het uitgesien na die finaal op Woensdagaand, wanneer die Besigheidsliga se spanne mekaar weer op die rolbalbaan sou aanvat, maar helaas, toe word beurtkrag weereens ingestel en die rolbal moet opsy staan en sal dan Donderdagaand plaasvind.

Eskom pas die beurtkrag daarna weer aan na Fase 4 en die geveg van Donderdagaand is weer in gedrang. Dis 'n tameletjie, wat nou? Maar nou ja, met boere wat deelneem aan hierdie kompetisie en “boer maak 'n plan”, sal daar met Tsaats Hattingh se mobiele kragopwekker, Koos Bierman se kundigheid en Johnnie Claassen se

dieselrekening Donderdagaand ligte wees en die finaal van die besigheidsliga sal afgehandel word.

Daar gaan verseker uitstekende rolbal gesien word, want hierdie is nie sommer net 'n speletjie nie. Hier is 'n paar spanne wat baie ernstige rolbal speel en dit gaan interessant wees om te sien wie die uiteindelijke winners gaan wees. Ons kan nie meer die uitdrukking gebruik, “die ander span moes die knie buig” nie, want KSA het nou 'n ander definisie daaraan geheg.

Elke bal wat net lyk of dit dalk buite die afstand is om in tel te wees, sal tot die

laaste millimeter gemeet word, op die knieë met die maatband en seker maak hy is reguit.

Heerlike vetkoek met maalvleis sal steeds Donderdagaand beskikbaar wees.

Bestel asseblief betyds by Hannalie Claassen by 079 040 0531, om teleurstelling te voorkom.

Die rolbalbestuur wil elke persoon hartlik bedank vir hulle bydrae om weereens van hierdie jaar se Besigheidsliga 'n reuse sukses te kon maak.

Baie dankie aan elke geesdriftige deelnemer, want sonder hulle kan daar nie 'n Besigheidsliga wees nie.

POSTNET HEILBRON

CRIMINAL RECORD CHECKS

NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital

42 2nd Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 7650
Tel: 053 853 0004
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za



DIABETES

• *Heilbron Clinic*

WHAT IS DIABETES?

Diabetes develops when your body does not make enough of the hormone insulin. Normally when we eat food, it gets broken down into simple sugars which are taken up into the cells for energy. Insulin's job is to take the sugar into the cells, so when our bodies do not produce enough insulin, the sugar remain in our bloodstream and causes high blood sugar.

WHAT CAUSES DIABETES?

Diabetes can affect anybody, but scientists are not sure what causes it. The risk factors that increase your chances of getting diabetes include:

- If you are 35 years old or older
- You are overweight
- Your have other family members with diabetes
- You have high blood pressure


DON'T IGNORE DIABETES!

If you have diabetes, it is possible to live a normal healthy life, but, if you have diabetes and do nothing to control it, you are at risk of:

- Blindness
- Heart disease
- Strokes
- Kidney failure
- Losing a foot or leg

TREATMENT AND CONTROL OF DIABETES

- Be smart and get tested at your clinic
- Don't be afraid! A person with diabetes can live a normal, healthy life, If you don't know that you have it or you ignore it,



diabetes van cause major problems

- Get the right treatment
- Some people with diabetes will need to take injections and other people may need to take tablets. It is important to take your medication like the doctor or clinic sister tells you to
- Get a healthy life
- Stick to a healthy diet: Less fat, Less sugar, Less salt, More fruit, Vegetables and grains, Eat regular, Small meals
- Do regular exercises
- Keep your weight in normal limits
- Stop smoking
- Don't drink alcohol
- Deal with stress
- Exercise often
- Make your medicine a habit

DON'T FORGET:

- Smoking is double trouble for people with diabetes
- Get your eyes tested every year
- Take good care of your feet
- Watch your weight

HEILBRON KRIEKETKLUB NUUS

Heilbron Krieketklub meet die naweek kragte teen Route 66 in 'n T20 wedstryd. Die wedstryd begin om 14:00 te Hoërskool Heilbron. Alle toeskouers is welkom, Covid-19 regulasies geld. Groot waardering word getoon vir Pakworks Heilbron se borg aan die klub. Hiermee die wedstryde vir die eerste rondte van die seisoen.



DANKIE AAN ELKE LIEWE HEILBRONNER!

• *Liezl Beukes*
9 November 2021

Vandag 'n maand gelede, op 9 Oktober 2021 het Marilise Steyn se ongeluk gebeur.

Sy het vroeg die oggend opgestaan by die vakansieplek om te gaan stort en reg te maak vir 'n familielid se ooievaarstee; ontbyt gemaak vir 4 honger manne en haar pa en ma versorg... min het sy óf ons geweet dit sal die laaste keer wees wat sy sekere dinge sal doen...

Ons dank die Here vir 3 weke se ICU tydperk wat verby is en ongelooflike goeie dokters en personeel by die Union hospitaal in Alberton.

Marilise is tans in die Rehabilitasie Hospitaal in Aucklandpark. Volgens beraming van dokters en fisioterapeute se verslae kan die proses tot 8 weke wees.

Marilise werk hard; oefen en gee 102% van alles om te “recover”!

Ons kan nie nou slap lê in gebed nie.

Dis nou waar af-dae; vrae-dae en moedeloos-dae kom.

Verlange is diep en intens vir mamma; pappa en die seuns en die besoektje is beperk.

Ons wil graag julle vra vandag om steeds in te tree en te bid vir sekere organe wat belangrik is om mens te voel; dat God dit sal genees.

Bid vir krag en genade vir af-dae. Bid vir Kobus en seuns en Marilise wat mekaar min sien in persoon.

'n WhatsApp kan nét soveel doen.

'N KORT STORIETJIE:

Eendag het ek by Cornel gesit terwyl hy geëet het en Marilise het vir ons koffie gemaak en ek het gesê hoe aaklig "zoom" is; en hy het kinderlik geantwoord:

"Ek dink ook so tannie; want jy kan nie die mense 'n drukkie gee nie!"

Min het ons geweet dat 'n aakliger ding as “zoom” voor die deur lê!

Dit is "tough" vir die Steyns! Bly asb vir hulle bid!

OPERASIE HUIS REGMAAK
Oom Hannes Steyn is die minister van die projek en dit gaan goed.

Daar was 'n konsultant by die huis wat raad kom gee het oor wat die behoeftes gaan wees.

Dis nie eers nodig vir ons om te sê: dis geweldig groot en die Steyns is dankbaar vir elke donasie wat inkom.

Hulle is nederig dankbaar en staan verstom vir almal se liefde; gebede en hulp fisies en finansieel!

Dankie dat julle saam ons glo in dit wat ons nog nie nou sien nie! Dankie vir alles!

OOM KOBUS

Dit gaan nie goed met oom Kobus nie en elke dag is geleende tyd.

Daar is 'n dierbare versorger wat help om die taak net so bietjie ligter te maak in die nagte.

Bid asb steeds vir oom Kobus en tannie Alida. Marilise en Kobus en seuns. Evan (Marilise se broer) en sy gesin met hierdie onbekende pad wat hulle ook stap.

Baie liefde van al die Steyns en Krugers
Dankbaar is 'n te klein woordjie om hulle dankbare harte te beskryf.

Bid, bid, bid sonder ophou!

HOOP vir wat môre gaan gebeur!

Glo in wat God nou doen en ons eers môre sal sien!

Ons dien 'n awesome God wat gister; vandag en môre dieselfde is, was en sal wees!!!!

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer* kantoorure by Tel: 058 852 3033.

2nd League log standing					
Club	Played	Won	Lost	Drawn	Points
Route 66 CC 2nd	3	3	0	0	15
Heilbron CC	4	2	0	2	14
Vanderbijlpark CC 2nd	4	2	1	1	12
Meyerton CC 2nd	3	2	0	1	12
Vereeniging CC 2nd	3	1	1	1	7
Sasolburg CC 2nd	4	1	3	0	5
Old Vaal CC 2nd	3	0	2	1	2
Rust ter Vaal CC	3	0	2	1	2
Sharpsville CC	3	0	2	1	2
NWU	0	0	0	0	0

2nd League ROUND 1																	
FIELD	16-Oct	FIELD	23-Oct	FIELD	30-Oct	FIELD	06-Nov	FIELD	13-Nov	FIELD	20-Nov	FIELD	27-Nov	FIELD	04-Dec	FIELD	11-Dec
Sasol	Sasol	VDBP	VDBP	VDBP	VDBP	VRNG	VRNG	VRNG	VRNG	Old Vaal	Old Vaal	HBron	HBron	Mton	Mton	Mton	Mton
	Mton		SVille		Route 66		VDBP		SVille		VRNG		VRNG		Route 66		Old Vaal
Old Vaal	VDBP	HBron	HBron	Mton	RTV	Sasol 2	SVille	Mton	Mton	Sasol	Sasol	Old Vaal	Old Vaal	TBC	SVille	Route 66	Route 66
	RTV		Sasol		VGNG		Old Vaal		Vdbp		VDBP		VDBP		RTV		RTV
HBron	SVille	VRNG	VRNG	HBron	HBron	Route 66	Sasol	HBron	HBron	Mton	Mton	Sasol 2	Sasol	VRNG	VRNG	Sasol	Sasol
	HBron		Mton		Mton		Route 66		Route 66		RTV		RTV		Sasol		SVille
	VRNG	Old Vaal	Old Vaal	Sasol	Sasol	HBron	HBron	Sasol 2	RTV	Sasol 2	SVille	Mton	Mton	HBron	HBron	HBron	HBron
	Route 66		Route 66		Old Vaal		RTV		Old Vaal		Route 66		SVille		Old Vaal		VDBP
Bye	Old Vaal	Bye	RTV	Bye	SVille	Bye	Mton	Bye	Sasol	Bye	HBron	Bye	Route 66	Bye	VDBP	Bye	VRNG

VRYSTAAT JAGTERS RIEMLAND NUUS

Jaarlikse afsluiting en prysuitdeling

Die Riemland Jagtersvereniging Skietklub het Vrydag, 5 November hulle jaarlikse afsluiting en prysuitdeling gehad. Hoewel die opkoms maar swak was, het dié wat wel daar was hul gate uit geniet. Na afloop van die vergadering en prysoorhandiging is daar heerlik om die vure gekuier. Die volgende manne en dames het deur die jaar uitgeblink.

Handwapen: 3de JM Joubert, 2de Pierre Botha en die wenner Hennie Viviers.

Haelgeweer: 3de Pierre Botha, 2de Hennie Viviers en die wenner JM Joubert.

.22 geweer: 3de Hennie Viviers, 2de Andre J Van Rensburg en die wenner Jos Deysel.

Die jaggeweerd afdeling het vir 'n verrassing gesorg: 3de Andre J van Rensburg, 2de Hennie Viviers en die wenner 'n nuwe lid, Beau du Plessis.

Chasa Sportskiet handwapen wenner is Koos van Niekerk (Jnr).

Dames skut van die jaar: Chané du Plessis.

Die spanskiet beker het gegaan aan Isak Bosman en Jacques Pretorius.

Jeugskietdag wenner: 3de Plek Tanya van Niekerk, 2de Carina van Niekerk en die wenner Hannes Joubert.

Veelsydigste skut van die jaar was Hennie Viviers.

Lid van die jaar: Japie Steyn.

Spesiale toekennings (Swartwildebees) wat toegeken word aan lede wat uitsonderlike diens gelewer het reg deur die jaar was: Japie Steyn, Jaco Nell, Bennie Roets, Hennie Viviers, Pierre Erasmus, Hennie Fourie en Neels Lues.

Die bestuur is eenparig herverkies.

- **Voorsitter:** Pierre Erasmus
- **Ondervoorsitter:** Japie Steyn
- **Sekretaresse/Tesourier:** Ericka Erasmus
- **Addisionele lede:** Hennie Viviers, Alwyn Swart en nuutverkose lid Beau Du Plessis.

Die ledegeld is nie hierdie jaar verhoog nie en is betaalbaar teen 31 Desember 2021. Die nuwe jaarprogram is ook bekendgemaak en die eerste skietdag vind plaas op 5 Februarie 2021.



Pierre Erasmus



Ericka Erasmus en Japie Steyn



Hennie Viviers



Beau du Plessis



Chané du Plessis



Hannes Joubert



Hennie Viviers



JM Joubert



Isak Bosman



Jos Deysel



Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

Pfizer

AVAILABLE NOW!

COVID-19 VACCINE

By appointment only

Bring your Medical Aid card

063 721 4950 (T) 087 527 0723

37 Westcoast Street, Vredefort, Free State, 9301

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSdag - 16 NOVEMBER 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELaan Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDag - 17 NOVEMBER 2021

DANIELSRUS Kersveiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164

DONDERDag - 18 NOVEMBER 2021

FRANKFORT HERDENKINGSVEILING
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Kersveiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VRYDag - 19 NOVEMBER 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049



MAANDBEKER SAAM MET PRESIDENT OF KAPTEIN

Almal praat van November as die "Silly Season" waar dinge en projekte moet klaar voor die Kersvakansie. Heilbron Gholfsklub het ook sy projekte wat moet klaar en een is die komende naweek se President-span teen Kaptein-span kompetisie wat saam met die HBA maandbeker val. Die volgende is die Prestige dag op 27 November en lyk dit alreeds of hier 'n vol veld gaan wees. Die aand se verrigtinge met Juan Boucher as gaskunstenaar is ook feitlik vol bespreek.

In die dubbel-putjiespel is daar vier spanne wat kop aan kop loop en kan die ding nog enige kant toe gaan met 'n paar wedstryde wat oor is. Onthou ook van die jaarvergadering wat op 24 November gehou gaan word.

Die inskrywings vir Saterdag is 10:30, vir afslaan 11:00 en vanaand is dit "Jokerdraw" om 19:00 – die geldpot is R15 000, wees dus daar.



GiG

Technologies (Pty) Ltd.

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan - 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems

